Konfirmasie 2

Lestitel: Jesus Christus - 2de geloofsartikel

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Jesus Christus - 2de geloofsartikel”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Jesus Christus - 2de geloofsartikel
Bybelwoord	Efesiërs 4: 8-9; Mattheus 3: 17; Johannes 15:13; Johannes 13: 4-5; Johannes 8: 3-11; Mattheus 11: 28
Kategismus & V&A	Hoofstuk 3, V&A 42; 93, 94, 178, 182; 194; 195

Lesdoelwit	Jesus Christus is die middelpunt van ons geloof. Hy is ons voorbeeld in alle sake. Die konfirmante herken Hom in sy huidige aktiwiteit. Hulle wil sy nabyheid ervaar.

Lesopsomming:

Wie is Jesus Christus? Wat is Jesus Christus vir my? Watter name het Hy gekry?

Vredevors	Die weg, die waarheid en die lewe	Brood van die lewe
Opstanding en die lewe	Redder	Verlosser
Seun van God	Lig van die wêreld	Voorbeeld
Die Opgestane Een	Goeie Herder	Bruidegom

1. Jesus Christus, die Seun van God:

Hy is die eniggebore Seun van God, verwek deur die Heilige Gees en gebore uit die Maagd Maria - geslag van Dawid (Kersfees). Jesus het gely onder Pontius Pilatus, is gekruisig, het gesterf en is begrawe (Goeie Vrydag). Hy betree die Ryk van die Ontslapenes (Efesiërs 4: 8-9) en staan op uit die dood (Paassondag). Jesus het opgevaar na die Hemel (Hemelvaartdag) en gaan sit aan die regterhand van God vanwaar Hy sal terugkeer (Eerste Opstanding).

2. Jesus Christus, my Verlosser - Hy het my lief:

Jesus Christus het die uiterste offer aan die kruis gebring vir ons verlossing, omdat Hy die mensdom baie liefhet. God, die Vader, sê van Hom:
“Dit is my geliefde Seun in wie ek 'n welbehae het” Mattheus 3:17. Hierin herken ons een van Jesus se grootste eienskappe: Sy groot liefde vir alle mense, ook vir my.

Wat is die ander eienskappe van Jesus?

Voorbeelde uit Jesus se lewe	Eienskappe
In wie ek ‘n welbehae het - Jesus het altyd God se wil gedoen	Gehoorsaamheid en vertroue
Hy was sy dissipels se voete (Johannes 13: 4-15)	Nederigheid
Hy het lyding en vernedering verduur (Mattheus 27:30)	Waardigheid en sagmoedigheid
Sondaars behandel met meegevoel (Johannes 8: 3-11)	Meegevoel

Hierdie voorbeelde toon dat dit maklik is om 'n intieme verhouding met Jesus Christus te hê. Jesus het gesê; “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Mattheus 11: 28). Ons wil soos Jesus Christus word.

3. Jesus Christus vandag:

Hoe ervaar ons Jesus Christus vandag?

• Sy geduld en ontferming in vryspraak (vergifnis),
• Sy nabyheid in gebed,
• Sy teenwoordigheid en liefde in Heilige Nagmaal,
• Sy hulp in ons stryd om sonde te oorkom en sy sorg in nood en swaarkry.

Waar en hoe het jy die liefde van Jesus in jou lewe ervaar? Wanneer het jy die hulp van Jesus persoonlik ervaar? Dink aan jul gemeenskap met Jesus en sy aktiwiteite in jul eie lewens.

 Jesus het met sy werk begin en vandag voltooi Hy dit.
 Jesus Christus het sy apostels gestuur en stuur hulle vandag nog (Johannes 20: 21).
 Jesus se offer is vandag nog geldig (Mattheus 28: 20).
 Deur die Heilige Verseëling behoort ons aan die bruidsgemeente van Jesus Christus.

Jesus sal weer kom en jou na Homself neem!

Tweede geloofsartikel:

Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ons Here, wat verwek is deur die Heilige Gees, gebore is uit die Maagd Maria, gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gesterwe en begrawe is, die doderyk binnegegaan het , weer op die derde dag opgestaan het uit die dode en opgevaar het na die hemel.. Hy sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, waarvandaan Hy sal terugkeer.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

• Ons glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God.
• Jesus is die middelpunt van ons geloof.
• Hy is ons voorbeeld in alle sake.
• As konfirmante herken ons Hom in sy huidige aktiwiteit. Ons wil sy nabyheid ervaar en soos Hy word.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wie is Jesus Christus?

Antwoord: Hy is die Seun van God. Hy is ware mens en ware God.

2. Wat is Jesus Christus vir my?

Antwoord: Jesus is my Verlosser en Saligmaker, die bruidegom van my siel. Hy het sy offer vir my gebring.

3. Watter name is aan Jesus Christus gegee? Noem net 'n paar?

Antwoord: Vredevors, God se Seun, Goeie Herder, die Brood van die Lewe, ens.

4. Wat het op Kersdag en Goeie Vrydag gebeur?

Antwoord: Die geboorte van Jesus Christus. Die kruisiging van Jesus Christus

5. Wat is die inhoud van die tweede geloofsartikel?

Antwoord: Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ons Here, wat verwek is deur die Heilige Gees, gebore is uit die Maagd Maria, gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gesterwe en begrawe is, die doderyk binnegegaan het , weer op die derde dag opgestaan het uit die dode en opgevaar het na die hemel.. Hy sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, waarvandaan Hy sal terugkeer.

Bykomende aantekeninge Geagte ouers: ***As deel van die huiswerk moet u kind die tweede geloofsartikel uit sy hart leer.***

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen

Notas